Beginsels vir gesonde Bybeluitleg

Inleiding

In sy boek *Protestant Biblical Interpretation* sê Bernard Ramm:

> *"That God has spoken in Holy Scripture is the very heart of our faith and without this certainty we would be left to the relativity and dubiousness of human knowledge....The result of an erratic hermeneutics is that the Bible has been made the source of confusion rather than light."*
>
> *("Dat God deur die Skrif gepraat het vorm die hart van ons geloof, daarsonder sou ons aan die subjektiwiteit van menslike opinie oorgelaat gewees het. God het gepraat, maar wat het Hy gesê? Die resultaat van wispelturige Bybeluitleg is dat die Bybel 'n bron van verwarring in plaas van 'n bron van lig en leiding gemaak is."*)

Edward White, in sy boek *Inspiration*, skryf weer die volgende:

> "*There is no folly, no Goddishonouring theology, no iniquity, no sacerdotal puerility for which chapter and verse may not be cited by an enslaved intelligence."*

Die belangrikheid van gesonde Skrifuitleg

> *"Let op jouself en op die leer; volhard daarin; want* ***deur dit te doen, sal jy jouself red sowel as die wat jou hoor****"* (1Tim. 4:16, my beklemtoning).

Die gevaar van verkeerde Skrifuitleg

> *"As iemand die tempel van God skend, sal God hom skend; want die tempel van God is heilig, en dit is julle"* (1 Kor.3:17).

Die Amplified Bible stel dit so:

> *"If anyone does hurt to God's temple or corrupts it with false doctrine...God will do hurt to him..."* (1 Cor. 3:17)
>
> *"A little leaven, a slight inclination to error, or a few false teachers, leavens the whole lump, perverts the whole conception of faith and misleads the whole church"* (Gal.5:7-9, Ampl. Bible).

Daar word gesê dat jy enigiets uit die Bybel kan bewys. Dit is nie waar as toegelaat word dat Skrif Skrif verduidelik nie. **Gesonde beginsels van Bybeluitleg** moet ingespan word om die verwarring van teenstrydige doktrines en subjektiewe uitsprake op godsdienstige gebied uit te wys en op te klaar.

Beginsels van gesonde Skrifuitleg.

1. Om die Skrif reg te interpreteer moet die teks, die konteks en die wyere konteks in

aanmerking geneem word.

i. Die konteks van die Ou en die Nuwe Testament.

Baie uitsprake in die Bybel wat na dinge voor die dood van Jesus verwys, is nog Ou Testamenties en kan nie summier op die Nuwe Testamentiese bedeling van toepassing gemaak word nie. Die Nuwe Testament begin eers by die sterwe van Jesus op die kruis want *"... 'n testament is geldig by sterfgevalle, aangesien dit nooit van krag is so lank as die testamentmaker nog leef nie"* (Heb.9:16-17).
Voor Sy dood het Jesus aan Sy dissipels gesê:

> *"Nog baie dinge het Ek om aan julle te sê, maar julle kan dit nou nie dra nie.* ***Maar wanneer Hy gekom het, die Gees van die waarheid****, sal Hy julle in die hele waarheid lei; want Hy sal nie uit Homself spreek nie, maar alles wat Hy hoor, sal Hy spreek en die toekomstige dinge aan julle verkondig"* (Joh.16:12-14, my beklemtoning).

Na die uitstorting van die Heilige Gees is baie dinge aan die apostels geopenbaar wat vir ons in hul sendbriewe opgeteken is.

ii. Historiese en kulturele konteks

Sekere gedeeltes in die Skrif, veral in die Ou Testament, het net betrekking op spesifieke historiese omstandighede en kan nie wispelturig op enige hedendaagse situasie van toepassing gemaak word nie. 2 Kron.7:14 is 'n goeie voorbeeld van 'n Ou Testamentiese skrifgedeelte wat dikwels verkeerdelik op huidige lande en volke van toepassing gemaak word.:

> *"…as …my volk, oor wie my Naam uitgeroep is, hulle verootmoedig en bid en my aangesig soek en hulle bekeer van hul verkeerde weë, dan sal Ék uit die hemel hoor en hulle sonde vergewe en hulle land genees."*

Die konteks verduidelik dat die land waarna verwys word, die verbondsvolk Israel is en nie enige moderne staat nie. Die geestelike beginsel in hierdie gedeelte kan wel figuurlik toegepas word en dan sal die "land" nie na 'n fisiese staat verwys nie, maar na die lewe van 'n individuele gelowige.
Dwalinge ontstaan as geïsoleerde tekste uit konteks gebruik word om oortuigings op te bou.

2. Net een regte betekenis.

God het ons Sy Woord gegee, nie om ons te verwar nie, maar om vir ons leiding te gee en daarom glo ons dat daar net een regte betekenis vir 'n Skrifgedeelte kan wees. Alhoewel verskillende toepassings gemaak kan word, kan die skrifgedeelte net een betekenis hê en daarom moet die Woord letterlik opgeneem word, behalwe waar die konteks wys dat daar van beeldspraak gebruik gemaak word en dat die gedeelte figuurlik verstaan moet word. So moet Psalm 96:12 byvoorbeeld nie letterlik opgeneem word nie en figuurlik verstaan word:

> *"Laat die veld juig en al wat daarin is; dan sal al die bome van die bos jubel"*

As die gewone betekenis van ’n gedeelte in die Skrif sin maak, moenie na ’n ander betekenis soek nie.

3. Die beginsel van harmonie.

Geen gedeelte van die Skrif mag so geïnterpreteer word dat dit teenstrydig is met enige ander gedeelte in die Bybel nie. Wanneer dit lyk asof een Skrifgedeelte ’n ander een weerspreek sal daar gevind word dat die oorsaak daarvan gewoonlik by ons gebrekkige interpretasie van die Skrif gesoek moet word. Swak vertalings veroorsaak ook soms probleme. Skrif moet altyd Skrif bevestig of verduidelik. Oënskynlike teenstrydighede moet opgelos en verklaar word, anders kan die onfeilbaarheid van God se Woord bevraagteken word. Wanneer dit by die verklaring van moeilike gedeeltes in die Bybel kom, sou dit baie onwys wees om net op ’n eensydige siening van die saak staat te maak. Teologies gesproke is dit nie nodig om die spreekwoordelike wiel te herontwerp nie; daar is feitlik nie ’n onderwerp in die Bybel waaroor daar nie al omvattende navorsing gedoen is nie. ’n Mens moet dus net ’n bietjie moeite doen om dinge vir jouself te ondersoek. Dit is onwys om ’n mening te vorm sonder dat daar objektief na al die kante van ’n saak gekyk is.

4. Beskrywend of voorskriftelik?

Daar moet onderskei word tussen watter gedeeltes in die Bybel beskrywend van aard is en watter gedeeltes voorskriftelik is. Dwaling ontstaan as beskrywende gedeeltes as voorskriftelik opgeneem word. Die gedeelte waar God met Bileam deur ’n donkie gepraat het, is byvoorbeeld beskrywend van aard en bevat geen voorskrif vir die aanhou van donkies nie! (Num.22).

5. Gelykenisse

Die gelykenisse van Jesus is stories wat Hy vertel het om sekere lesse oor te dra. Hulle was gewoonlik gebaseer op alledaagse situasies en verskynsels wat in Sy tyd voorgekom het. Om hulle reg te verstaan moet die hoof les ter harte geneem word en moet ’n mens nie probeer om teologiese beginsels van al die fynere besonderhede in die gelykenis af te lei nie. Om dít te doen kan tot allerhande wanopvattinge lei. So byvoorbeeld is die hoofles in die gelykenis in Lukas 18:1-14 dat ’n mens nie moet moed opgee nie. Om betekenis te wil gee aan al die fynere besonderhede sou beteken dat God met ’n onregverdige regter vergelyk kan word!

6. Die Gesagsbeginsel

i. Die uitsprake van Jesus is gesaghebbend.

> *“Nadat God baiekeer en op baie maniere in die ou tyd gespreek het tot die vaders deur die profete, het Hy in hierdie laaste dae tot ons gespreek deur die Seun”*
> (Heb. 1:1).
>
> *“Aan My is gegee **alle mag** in die hemel en op aarde”* (Matt.28:18, my beklemtoning).

Jesus se gesag oortref die gesag van enige profeet of enige kerk se belydenisskrif!

ii. Die gesag van die apostels se briewe
Johannes skryf:

> *"...wat ons gehoor het, wat ons met ons oë gesien het, wat ons aanskou het en ons hande getas het aangaande die Woord van die lewe ...ons getuig en verkondig aan julle...wat by die Vader was en aan ons geopenbaar is—wat ons gesien en gehoor het, verkondig ons aan julle..."* (1Joh.1:1-3).

Paulus getuig:

> *"Want ek het van die Here ontvang wat ek ook aan julle oorgelewer het..."* (1Kor.11:23).

iii. Die gesag van "dit is geskrywe" (Matt.4:4)

> *"...dat julle van ons kan leer om nie te dink bo wat geskrywe is nie..."* (1Kor.4:6).

Jesus se woorde en leringe is vir ons deur die apostels in die vier Evangelies en in die sendbriewe neergeskrywe. As wat jy doen of glo nie gestaaf kan word deur wat in die Nuwe Testament geskrywe is nie, moet dit ernstig bevraagteken en ondersoek word.

Slotsom

Omdat die Bybel die geïnspireerde Woorde van God bevat, moet dit met respek en integriteit benader word. God het Sy Woord nie net vir akademiese doeleindes gegee nie, maar dat die toepassing daarvan lewens moet verander. Die feit dat daar soveel teenstrydige doktrines en opinies in die Christendom bestaan, is nie soseer 'n teologiese probleem as wat dit 'n gesagsprobleem is nie – die gesag van *"dit is geskrywe"* word nie altyd as die bepalende faktor aanvaar nie; menslike filosofieë en opinies tel dikwels meer as die duidelike uitsprake in die Skrif! Die indoktrinasie van die verskillende denominasies se subjektiewe belydenisskrifte het ook 'n groot invloed op wat mense glo. As daar byvoorbeeld gelees word dat die Skrif sê: *""Let op jouself en op die leer..."*(1Tim. 4:16) verwys dit nie na die leerstelling van enige denominasie of kerkgroep nie, maar verwys dit na die leer van die Nuwe testament.

Nick Maartens
0820727064
E-pos: nickmaartens@hotmail.com